# DIE GEWIG VAN CHRISTUS SE BLOED

## TEMA: DIE 40 MANNE IN HANDELINGE

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

Hierdie lesing handel oor die volgende onderwerpe:

A. Paulus en Silas in die tronk
B. Die komplot om Paulus dood te maak
C. Die waarde van Jesus se bloed

-oOo-

## A. Paulus En Silas In Die Tronk

**Handelinge 16:16 En terwyl ons op pad was na die bidplek, kom 'n slavin met 'n waarsêende gees ons teë, wat vir haar eienaars deur waarsêery groot wins ingebring het.**

**Handelinge 16:17 Sy het Paulus en ons gevolg en geskreeu en gesê: Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing.**

**Handelinge 16:18 En dit het sy baie dae lank gedoen; maar baie ontevrede daaroor, het Paulus hom omgedraai en vir die gees gesê: Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan. En hy het op dieselfde oomblik uitgegaan.**

Paulus en Silas was in Philippi ('n heidense land), ter wille van die verkondiging van die evangelie. 'n Slavin met 'n waarsêende gees het vir dae agter hulle aangeloop en skree dat hierdie manne dienaars van die Allerhoogste God is.

**Vraag**:

- Waarom het Paulus daardie geeste toegelaat om hulle vir soveel dae te agtervolg en agter hulle aan te skree voordat hy hulle bestraf het?
- Wie het die hoogste seggenskap in daardie land gehad waar hulle was?
- Na wie sou die mense geluister het?

**Antwoord**

**Geeste onderworpe aan God**

Aangesien Paulus-hulle in 'n heidense land was, sou dit 'n baie moeilike taak gewees het om net daar in te kon gaan en te sê *ons is van die Here*, en die evangelie begin verkondig het.

Hierdie vrou het vir haar eienaars baie geld ingebring deur waarsêery. Sodoende het baie mense al te doen gehad met hierdie geeste wat in haar was. Sy het seker al vir baie inwoners hulle fortuin vertel.

Die Bybel sê alle magte en alle owerhede is onderworpe aan Christus Jesus. Dit beteken, watter kant toe ookal, sleg of goed, alles en almal moet doen wat Christus sê. Die Woord is die hoogste gesag, as die Woord so sê, kan 'n demoon of selfs satan nie daarteen staan nie; hy **moet** dit doen.

- Die Here het hierdie geeste opdrag gegee om die land deur te gaan, al agter Paulus-hulle aan, om te gaan verkondig wie hierdie manne is, en dat Hy hulle in Sy Naam gestuur het.

-o0o-

- Etlike dae lank het die waarsêende gees Paulus se missie help verkondig. Eintlik het die duiwel dus die Here se grondgebied voorberei sodat Paulus kon begin bedien, maar net tot op 'n sekere stadium.

Op die tyd deur God bestem het die Here vir Paulus gesê *nou dryf jy hulle uit; nou wys jy vir hulle Ek het mag oor hulle.*

Hulle was dus die boodskappers wat God uitgestuur het om te sê, hierdie manne is van God. Nadat almal seker gehoor het, toe sê die Here, *nou sal Ek vir julle wys dat Ek eintlik beheer het oor hierdie geeste waaraan julle glo*. Dit is waarom Paulus die geeste na 'n sekere tyd uitgedryf het.

Efésiërs 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

-o0o-

## B. Sameswering Om Paulus Dood Te Maak

**Handelinge 23:12 En toe dit dag geword het, het sommige van die Jode saamgespan en hulleself vervloek deur te sê dat hulle nie sou eet of drink totdat hulle Paulus doodgemaak het nie.**

**Handelinge 23:13 En daar was meer as veertig wat hierdie sameswering gemaak het.**

**Handelinge 23:14 Hulle het na die owerpriesters en die ouderlinge gegaan en gesê: Ons het ons met vervloeking verwens om niks te gebruik totdat ons Paulus doodgemaak het nie.**

**Handelinge 23:15 Laat dan nou, saam met die Raad, aan die owerste oor duisend weet om hom môre af te bring na u toe, asof u oor sy saak noukeuriger ondersoek wil doen. En ons is gereed om hom uit die weg te ruim voordat hy by u kom.**

In Handelinge 23 verskyn Paulus voor die Joodse Raad, die Fariseërs en die Sadduseërs. Daar was egter 40 Joodse manne wat hulle self met 'n eed voorgeneem het om nie te eet en te drink, totdat hulle Paulus doodgemaak het. Hulle was bereid om hulle eie lewens te gee, en het dan ook 'n komplot gesmee om hom uit te wis deur 'n leuen wat hulle vertel het.

**Vraag**:

- Waarom 40 manne?
- Wat gebeur daar in die geestelike realm?
- Waaragter was satan regtig met die situasie van Paulus en die 40 manne?
- Die kern hier is dood. Wie was die skuldige agter hierdie hele plan en wat word gekoppel aan lewe?

**Antwoord**:

- Hierdie was Satan se plan. 40 Joodse manne het gesê dat hulle sal nie eet of drink voordat Paulus nie doodgemaak word nie.
- Alle mense het engele van God rondom hulle om hulle te beskerm.
- Die mens se liggaam het bloed.
  - Satan is nie soseer agter die sonde aan nie; sonde maak net dat jou lewe verwoes word, en dat die duiwel plek in jou lewe kry.

So groei dit totdat die gevalle engele begin betrokke raak en op die einde van die dag jou kan doodmaak. Hy het gekom om te roof, moor en verwoes. Hy steel jou vryheid, verwoes jou lewe en dan maak hy jou dood. Johannes 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes.

-o0o-

Paulus is aan die een kant, aan die ander kant die 40 Joodse manne wat in die ou verbond, die Joodse besnydenis, is.

- Paulus het sy mate van bloed in die geestelike realm, maar sy (Paulus) mate van bloed is vir God in die geestelike realm nie slegs 'n normale mens se waarde nie - Paulus het al baie hoër waarde, met ander woorde, hy het baie meer engele rondom hom om hom te beskerm.

Wanneer sataniste by satan eer wil kry, maak hulle nie 'n gewone mens dood nie, hulle gaan vir pastore, evangeliste, persone met hoë geestelike outoriteit. Hulle teiken persone wat al gevorderd is in die Gees, persone wie nie meer **net 1** mens se bloed werd is nie, as ek dit so kan stel.

In hierdie geval was Paulus 40 mense se bloed werd. Dit is hoekom satan die geveg gelyk wou maak; óf Paulus se bloed óf daardie 40 manne se bloed. Die 40 manne se bloed sou die weegskaal balanseer, sou die gewig geëwenaar het, om dit so te stel. Paulus se bloed het net soveel waarde gehad as 40 Joodse manne wat in die ou verbond gestaan het. 39 sou nie gewerk het nie, want dan was satan se uitdaging nie gelykstaande aan Paulus se bloed nie. Dan het hy outomaties klaar verloor, dus moes hy die speelveld gelyk maak.

Indien satan se engele nou teen Paulus se engele geveg het, sou Paulus se engele hom oorrompel het, want 39 is nie 40 nie. Hy moes 40 manne uit die Joodse geloof van die besnydenis kry wat in 'n verbond met God gestaan het (die ou verbond). Hulle, as God se uitverkore mense, het reeds baie outoriteit en gesag gehad om die weegskaal te kon laat balanseer, en sodoende met Paulus se outoriteit en gesag gelyk te kon wees.

Satan weet wat is die waarde van Paulus se lewe. Hy moes nou sy weegskaal daardie kant laai vir ingeval hy nie Paulus se bloed kry nie. Dit was vir hom 'n geweldige poging om Paulus se bloed in die hande te kry, wat hy nie kon kry nie. Dus swaai hy om en vat nou die bloed van die 40 manne.

- Hoe hoër die outoriteit en gesag is, hoe meer moet satan gee om met jou gebalanseerd te wees.

Efésiërs 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

-o0o-

## C. Jesus Se Bloed

Dit bring ons by Jesus. Hoeveel waarde het Jesus se bloed gehad? Hierdie is baie interessant. Jesus sê vir Petrus toe hy Malchus se oor afkap: Mattheüs 26:53 Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie?

Jesus se bloed was so kosbaar, kragtig en almagtig, en het soveel waarde gehad dat die Vader amper al die engele sou moes gestuur het om teen satan te veg. Op daardie stadium het satan baie krag en gesag gehad, hy het al die gesag en mag op hemel en aarde gehad, en hy sê dit vir Jesus op die tempel se dak.

Mattheüs 4:8 Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid,

Mattheüs 4:9 en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.

Satan het dit gehad, hy het dit deur al die jare versamel, vandat Adam en Eva gesondig het, deur al die heidense volke, deur alles wat ons in die Bybel lees, tot die dag toe Jesus voor hulle in die tuin van Getsémané gestaan het.

Indien Jesus vir satan daar moes veg, sou Hy, as God, al die legioene engele in die hemel, by die Vader gevra het, om die geveg gelyk te maak teen satan se engele. Maar dit is nie wat gebeur nie, want dit was

nie ‘n geveg nie, dit was ‘n oorwinning wat Jesus Christus as mens moes behaal het. Jesus **móés** daardie beker drink, Hy **móés** daardeur gaan. Satan het gedink hy gaan Hom doodmaak, en op daardie stadium hét hy gedink hy het Hom, hy het gedink dat hy kan alles kan doen.

Dit is waarom Jesus aan die kruis gesê het dit is volbring. Johannes 19:30 En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.

Want Hy het al die demone, al die wêreldse magte, al die owerhede, alles op Hom geneem en neergedaal na die onderwêrelde.

- Jesus se bloed het soveel waarde, soveel krag gehad omdat sonde nooit aan Sy bloed gekoppel kon word nie, dat al die engele in die hemele en oral nie genoeg sou gewees om Hom te kon verdedig nie, as ek dit so kan stel. Dit is nie nou net 1 tot 40 nie, dit is nou al God se engele, in vergelyking met al satan se engele, oor die bloed van Jesus.

Maar Hy moes dit nie wen nie, want satan moes gedink het hy wen, en hy het heeltyd gedink hy het gewen totdat Christus Sy asem uitgeblaas en sonder sonde gesterwe het.

Toe kon satan geen eis indien nie, omdat hy nie aan Jesus se bloed kon raak nie. Dit is waarom nie een engel mag gehelp het nie, want Jesus was ‘n vrywillige offer. Toe Christus al die demone, al die wêreldse magte, al die owerhede na die onderwêrelde gevat het, het Sy liefde, wat die grootste is, die oorwinning gebring.

Johannes 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

- Hy was die vlekkelose, sondelose Lam van God wat afgedaal het.
- Hy het nooit gesondig nie,
- dus kon satan nie aan Sy bloed raak nie.
- Sy bloed het op Sy eie die oorwinning gebring.

Indien daar regtig ‘n geveg moes plaasvind vir Hom, (dit is wat Hy bedoel toe Hy dit vir Petrus sê), sou dit die grootste geveg wees wat ooit sou bestaan het, want dan sou legioene van engele Hom moes verdedig. Dit wys net vir ons hoeveel mag het Jesus gehad. Daarom toe Hy opgestaan het, het Hy gesê:

Mattheüs 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

- Alle magte op aarde, demone, gevalle engele, satan inkluis, plus al die engele was aan Jesus onderworpe,
- net die Vader was nie aan Christus onderworpe nie.

Dit is waarom ons in die Naam van Jesus die oorwinning kan hê.

**Halleluja!**

Kolossense 2:14 en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,

Kolossense 2:15 nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.

-o0o-